

Tel: 053 0505 986
Sel: 072 140 8634
E-pos: admin@jakkies.com
sport@jakkies.com
skoolhoof@jakkies.com



JACOBSDAL PRIMÊRE SKOOL

Piet Retiefstraat
Posbus 107
Jacobsdal
8710

NUUSBRIEF: 32 (9 – 16 Oktober 2026)

SPORT

GIMNASTIEK

Baie geluk aan die volgende gimnaste wat gedurende die vakansie (27 September) aan die Nasionale kampioenskappe Tuimel en Trampolien kompetisie in Kaapstad deelgeneem het:

- Cahrli Williams - Level 1 Tuimel – 2de plek (silwer)
- Aneska Strydom - Level 3 Trampolien – 2de plek (silwer)

TWEEKAMP

Baie geluk aan die volgende atlete wat deel was van die Suid-Vrystaat tweekampspan, wat aan 'n interprovinsiale byeenkoms in Bloemfontein deelgeneem het op Saterdag, 3 Oktober:

Driaan Botha- Seuns o/9 – 1ste plek
Bernard Müller – Seuns o/9 – 6de plek
Frederik Botha – Seuns o/11 – 3de plek
Nicah Faber – Seuns o/11 – 5de plek

KFC MINI-KRIEKET

Baie dankie aan al die spanne se deelname gedurende hierdie toernooi. Baie dankie ook aan die OLK en elke ouer se ondersteuning.

TENNIS

Vrydag, 16 Oktober vind wedstryde teen Platteland Akademie om 13:00 plaas. Leerders wat speel is reeds op die groepe in kennis gestel.

Saterdag, 17 Oktober, vind die Xhariep-tennisproewe by die stadionbane in Bloemfontein plaas. Leerders wat speel is reeds op groepe in kennis gestel.

KRIEKET

Dogters o/13 speel Maandag, 12 Oktober teen Frank Roro om 15:00 by Staats in Kimberley. Leerders verdaag om 13:00 en die bussie vertrek om 13:30 vanaf die skool. Busgeld beloop R100.

Seuns o/11 speel Maandag, 12 Oktober hier by Jakkies teen Frank Roro om 15:00.

Seuns o/9 speel Dinsdag, 13 Oktober teen Hartswater (daar) om 14:30. Busgeld en vervoerreelings sal op groep deurgegee word.

Dogters o/13 speel Dinsdag, 13 Oktober teen Yorkshire (daar) om 15:00 in Kimberley. Busgeld en vervoerreelings sal op groep deurgegee word.

Seuns o/11 B-span speel Dinsdag, 13 Oktober teen Newton o/11 B in Kimberley om 14:30. Busgeld en vervoerreelings sal op groep deurgegee word.

Seuns o/13 speel Donderdag, 15 Oktober teen CBS in Kimberley om 15:00. Busgeld en vervoerreelings sal op groep deurgegee word.

Seuns o/11 speel Donderdag, 15 Oktober teen Hopetown (daar) om 14:00. Leerders verdaag om 12:00 en die bussie sal om 12:30 ry vanaf die skool. Busgeld, tye en vervoerreëlins sal op groep deurgegee word.

Dogters o/13 speel Vrydag, 16 Oktober teen Staats om 08:00 en teen West End om 14:00. Beide wedstryde vind plaas op Staats se velde en reëlins sal op groep deurgegee word.

LEERDERS

SASE TOETSE

Die SASE toetse vir graad 3A en 6A wat op 7-8 Oktober geskryf sou word, is uitgestel tot verdere kennisgewing. Ons herinner ouers om asb. die POPIA vorms wat aan leerders voorsien is, in te handig by die klasonderwyser, indien u nog nie het nie.

LOOTJIES

Hierdie is ons laaste fondsinsamelingsprojek vir 2026. Vir slegs R20 per lootjie kan jy 'n kans staan om die volgende pryse te wen:

- 'n Eland ter waarde van R8000,
- 'n Gemsbok ter waarde van R5000,
- 'n Blesbok ter waarde van R2000

Die bokke is vir die 2027 jagseisoen. As jy eerder net die vleis wil hê, kan dit vir jou geskiet word. Jy kan selfs die waarde van die bok in kontant vra om kersgeskenke te koop.

Daar is 20 lootjies in 'n boekie ter waarde van R400. Vir elke volledige boekie wat 'n leerder verkoop, kry hy/sy R50 terug (na die trekking). Alle gelde moet eers inbetaal word. Daar is ook groot kontant pryse vir die top 3 verkope van boekies.

Elke leerder sal vandag, Vrydag, 9 Oktober, 'n boekie by sy/haar registeronderwyser ontvang. Die sluitingsdatum is 2 November en die trekking gaan op 5 November plaasvind.

Alle kontant moet asb. by die registeronderwyser inbetaal word. EFT betalings moet asb. in die Trust se rekening betaal word. Geen lootjiegelde mag in die skool se rekening of voor by die kantoor inbetaal word nie.

Jakkie Trust

Bank : FNB

Rek.nr : 62794678006

Cheque rekening

Verwysing : U kind se naam en "Lootjies"

ENVIRO QUIZ SE BREEK-'N-REËL DAG

Ons skool se span het deurgedring na die provinsiale byeenkoms wat op 23-25 Oktober gaan plaasvind. Ons het baie werk in hierdie projek ingesit en hoop om weer Jakkies se naam hoog te hou.

Ons benodig egter fondse om hierdie uitstalling en projek professioneel vir die beoordelaars aan te bied, daarom hou ons die "breek-'n-reël-dag" vir fondsinsameling. Sien asb. die aangehegte advertensie om al die inligting te kry. (R2 per reël). Dit sal op Dinsdag, 13 Oktober wees. Elke leerder kry 'n kaartjie waarop sy/haar reëls aangedui is wat hy/sy voor betaal het en mag verbreek.

Enige addisionele bydrae bedrae tot die Enviro Quiz-span is natuurlik ook baie welkom.

Enige bydraes kan direk in die skool se rekening betaal word met verwysing "EnviroQ".

Alle "breek-'n-reël-dag" gelde is slegs kontant by juf. Linette betaalbaar voor of op Dinsdag, 13 Oktober.

KOEKIEVERKOPING

Die graad R-klas het Maandag, 12 Oktober hulle koekieverkoping. Bring 'n geldjie saam skool toe om hulle te ondersteun.

LETSEMENG WELLNESS DAY

Ons herinner ouers daaraan dat daar nie Woensdag, 14 Oktober skool is vir leerders nie. Die Departement bied 'n "Wellness Day" aan by ons skool en al die personeel moet dit bywoon.

WISKUNDE-KLUB

Daar sal geen Wiskunde-klub vir gr 3-7 leerders wees hierdie kwartaal nie.

FOTODAG 3

Fotodag 3 vind plaas op 21 Oktober. Sien lys van foto's wat geneem gaan word aangeheg.

OUERS

VERGADERINGS

Ons herinner ouers betrokke aan die volgende vergaderings wat Maandag, 12 Oktober plaasvind:

- Koshuiskomiteevergadering: 07:45
- Finansiële komiteevergadering: 12:00
- Beheerliggaamvergadering: 14:05

BUITEMURSE ROOSTER EN KWARTAALPROGRAM


Vind die finale buitemurse rooster en kwartaalprogram vir kwartaal 4 aangeheg.

PROGRAM VAN ASSESSERING

Aangeheg is die program van assessering vir kwartaal 4. Die onderwysers gaan streng by die datums hou. Indien daar 'n verandering van 'n datum gaan wees, sal die onderwysers dit vroegtydig op die graadgroepe plaas. Aangesien dit 'n baie kort kwartaal is, vra ons dat ouers sal toesien dat u kind asb. by die skool sal wees om die assesserings te doen. Moenie u kind onnodig uit die skool hou nie. Die November eksamendatums is op die program ingesluit.

BEGROTINGSVERGADERING 2026

Sien aangeheg die kennisgewing vir 2026 se begrotingsvergadering. Na afloop van die vergadering, mag u u kind/ers uitteken om huis toe te gaan. Ons glo en vertrou ons gaan u almal daar sien.


.....
T.E. MOSTERT

GEBEDSLYS:

Jana van Zyl (ouma oorlede)



JACOBSDAL PRIMÊRE SKOOL
2026 – VIERDE KWARTAAL



KWARTAAL 4

6 OKTOBER

- 9 /11 DESEMBER 2026

LEERDERS (FINAAL)

OKTOBER Saterdag	3	Tweekamp Interprovinsiaal – Bfn (UFS)
Maandag	5	Wêreld Onderwysersdag Koshuis open 16:00
Dinsdag [1]	6	SKOOL BEGIN om 8h00 Speletjiesand (Gr. 7's) - 17:00 – 18:00 Leiers ontvang nuwe portefeuljes en klastoesigrooster. Handboek - en skryfboek inspeksie deur leerkragte.
Woensdag	7	Buitemuurs begin T20 Krieket 0/13 Seuns vs Eureka 15:00 (Eureka) T20 Krieket 0/11 Seuns vs Frank Roro 15:00
Donderdag	8	Mini – Krieket (JPS) – 12:00 T20 Krieket 0/13 Seuns vs Upington 17:00 (Staats)
Vrydag	9	Gr. 1 – 7 Onderwysers deel rapporte uit. Kwartaal prysuitdeling om 11:50 VCSV – Gr. 7 kamp - Vertrek Kennisgewing van Begroting en begrotingsvergadering [Ouers] op nuusbrief
Saterdag	10	VCSV – Gr. 7 kamp
Sondag	11	VCSV – Gr. 7 kamp - Arriveer
Maandag [2]	12	Gr. R Koekieverkoping Koshuiskomiteevergadering 07:45 Finansiële komiteevergadering: 12:00 BL vergadering om 14:05 T10 0/13 Dogters Krieket vs Frank Roro 15:00 Nautilus gelde inbetaal Skoolhoof bespreek doelwitte met alle druipele. Ouerklasbesoeke slegs volgens afspraak [Grensgevalle en druipele]
Dinsdag	13	Breek – 'n – Reël Dag (Enviro Quiz) 0/9 Seuns Krieket vs Hartswater 14:30 Krieket 0/11B vs Newton 14:30 T10 Dogters 0/13 vs Yorkshire 15:00 HLS Prysuitdeling 16:30
Woensdag	14	GEEN SKOOL – WELLNESS DAY 08:30
Donderdag	15	QLTC Vergadering 14:30 T20 0/11 Seuns vs Hopetown 14:00 T20 0/13 Seuns Krieket vs CBS 15:00 HLS Gala 18:00
Vrydag	16	International Dictionary Day (Sarice) T10 0/13 Dogters Krieket vs Staats 08:00 (Staats) T10 0/13 Dogters Krieket vs West End 14:00 (Staats) Tennis vs Platteland Akademie (Tuis)

Saterdag	17	Xhariep Tennisproewe (Bfn)
Maandag [3]	19	Verkiesing van skool - en Koshuis leiers vir 2027. {BL voorsitter en SH} 8:00
Dinsdag	20	Dankbaar Dinsdag Uitdaging (QLTC) Boekklub Tweekamp Liga 2 (UFS)
Woensdag	21	FOTODAG T20 0/11 Seuns Krieket vs Staats 15:00
Donderdag	22	T20 0/13 Seuns Krieket vs Seodin 15:00 (Staats) T20 0/11 Seuns Krieket vs Newton 14:00 (Tuis)
Vrydag	23	Enviro Quiz Finale (Vertrek) International School Library Day (Annemarie) T10 0/13 Dogters Krieket vs Oranje Noord 11:00 (Tuis) T20 0/11 Seuns Krieket vs Seodin 14:00 Tuis Radiostasie Eksamenrooster uit na ouers en eksamenwerk op skrif na leerders Gr 4 – 7 Koshuis – Beddegoed huistoe
Saterdag	24	Nautilus 4 Enviro Quiz Finale T20 0/13 Seuns Krieket vs Hopetown 15:00 (Staats) T20 0/13 Seuns Krieket vs Oranje Noord 18:30 (Staats) 0/7 A & 0/9 A Seuns Mini-krieket toernooi in Bloemfontein.
Sondag	25	Enviro Quiz Finale (Arriveer terug)
Maandag [4]	26	Gr. 3's besoek die week die graad 4 leerkragte
Dinsdag	27	World Day for Audio Visual Heritage (Janine)
Woensdag	28	Afsluiting: Leiers [Skool/Koshuis en Media] saam met DH en Mediahoof Gr. 3 Uitstappie JOS Roomysverkoping
Donderdag	29	Minus 5 – Dankbaarheidsdiens – 07:30 Noodplan 3 oefen (Totale Ontruiming) Koshuis afsluitingsfunksie
Vrydag	30	Stokkielekkerdag teen R2 'n stokkielekker T10 0/13 Dogters Krieket vs CBS 14:00 (Staats) Gr. 3 ouer oriëntasie (Gr. 4'e van 2027) @ 12h00 Tjokkies Swemgala 14:00 Kammaland Konsert Konsepbegroting van Skool en Koshuis in voorportaal beskikbaar.
Saterdag	31	Mini Krieket (Newton)
NOVEMBER Maandag [5]	2	Gr. 1 Koekieverkoping Sluitingsdatum van lootjies Inoefening vir prysuitdeling [Juniors en dan Seniors] Finansiële komiteevergadering: 12:00 BL vergadering om 14:05 T20 0/13 Seuns Krieket vs Staats 14:30 (Staats)
Dinsdag	3	Inoefening vir prysuitdeling [Juniors en dan Seniors] Gr. 6 groet die graad 7's [12:30 – 14:00]
Woensdag	4	VAKANSIEDAG - VERKIESING
Donderdag	5	Trekking van lootjies
Vrydag	6	JAARLIKSE PRYSUITDELING – JNR & SNR Gr. R Gradeplegtigheid (saam met ons Prysuitdeling).
Maandag [6]	9	Gr. 1 – 7 Eksamen begin
Dinsdag	10	Uitdeel van sterkte vir Eksamen kaartjies (QLTC) DH neem alle top 3 akademiese presteerders vir uitstappie. [Gr. 4 – 7]

Woensdag	11	Diskonto Boekuitstalling
Donderdag	12	Diskonto Boekuitstalling
Vrydag	13	International Tongue Twister Day (Madeleine) Diabetesdag (Dra blou strikkie by skooldrag) Koshuis – Beddegoed huistoe Gr. 7 SK Uitstappie Begrotingsvergadering, 09:00
Maandag [7]	16	
Maandag [8]	23	
Donderdag	26	Eksamen eindig
Maandag [9]	30	
DESEMBER Dinsdag	1	
Maandag [10]	7	Dept. Promosies - IMF & SF (Voorlopig)
Dinsdag	8	RAPPORTE BY SKOOL BESIKBAAR 9:00 TOT 10:00 (Voorlopig)
Woensdag	9	Skool sluit amptelik vir leerders 10:00
Vrydag	11	Skool sluit amptelik vir personeel 9:00

KONVENORS VAN PROJEKTE VIR VIERDE KWARTAAL - 2027			
	Datum	Aktiwiteit	Konvenor
22.		Plaatjieprojek	Gr. 7 Leerkragte
23.	6 Oktober	Speletjiesaand	M. Koorzen / P. Tait
24.	8 Oktober	Jakkies Mini – Krieketdag	Afrigters
25.	9 – 11 Oktober	VCSV – kamp	N. van Eck
26.	12 Oktober	Gr. R Koekieverkoping	N. Jacobs
27.	13 Oktober	Breek-’n-reël-dag (Enviro Quiz)	L. Carbutt
28.	21 Oktober	Fotodag	M. Fourie / M. Wilke
29.	28 Oktober	Leierafsluiting	M. Fourie / E. Strydom
30.	28 Oktober	Gr. 3 uitstappie	K. Klind / T. Roelofse
31.	28 Oktober	JOS Verkoping	M. van der Walt
32.	29 Oktober	Minus 5	N. van Eck
33.	29 Oktober	Koshuis Afsluitingsfunksie	Koshuispersoneel
34.	30 Oktober	Stokkielekkerdag	Gr 6 – Leerkragte
35.	2 November	Gr. 1 Koekieverkoping	M. Jacobs
36.	3 November	Gr. 7 afskeid	Gr. 6 – leerkragte
37.	5 November	Trekking van Lootjies	L. Carbutt7
38.	6 November	Prysuitdeling	Komitee en Personeel
39.	10 November	Top 3 uitstappie	M. Fourie
40.	13 November	Gr. 7 SK Uitstappie	S. Venter
41.	13 November	Begrotingsvergadering	T. Mostert / N. Faber/ P. Steenkamp
42.	11 – 12 November	Disconto Boekuitstalling	M. Jacobs

JACOBSDAL PRIMÊRE SKOOL

Buitemuurse Rooster: Vierde Kwartaal 2026



DAG	AKTIWITEIT	TYD	VERANTWOORDELIKES
Ma	AKADEMIESE DAG	14:30 – 17:00	ALLE PERSONEEL
	TENNIS: Gr.R 0/7 Span 0/8 Span 0/9 Span 0/10 Span 0/11 Span 0/12 Span Klubswem: Klubswem	12:30 – 13:00 14:00 – 14:30 14:30 – 15:00 15:00 – 15:30 15:30 – 16:00 16:00 – 16:30 16:30 – 17:00 13:00 – 18:00	L Steenkamp / M Segatjies / M Schoonbee Leerders wat by didakties betrokke is word verskoon van alle buitemuurs. Stingrays- E le Roux
Di	ATLETIEK: Baan items Veld items TWEEKAMP: Gr 1 - 7 KRIEKET: Mini-krieket (0/6) Mini-krieket (0/7) Mini-Krieket (0/8) 0/9 Gemeng 0/11 Seuns 0/13 Dogters Krieket 0/13 Seuns Klubswem: Klubswem	15:00 – 15:45 15:45 – 16:30 15:00 – 15:45 12:30 – 13:00 14:15 – 14:45 14:15 – 14:45 14:15 – 15:00 16:15 – 17:15 15:15 – 16:15 16:15 – 17:15 13:00 – 18:00	Afrigters Afrigters Afrigters N Jacobs / M Segatjies M Wilke / J Strydom R de Witt / A van der Walt L Carbutt / D Botha M Segatjies / C Cawood T Roelofse M Fourie / R Steenkamp Stingrays – E le Roux
Wo	JUNIOR KOOR: LOP PERIODES: Tennis spanne + Atletiek OMGEWINGS KLUB: Gr.6 KRIEKET: 0/9 Gemeng Hardebal 0/11 Seuns 0/13 Dogters Krieket 0/13 Seuns NETBALVAARDIGHEID: 0/7, 0/8, 0/9 0/10, 0/11, 0/12 VCSV Klubswem: Klubswem	14:00 – 14:30 15:00 – 16:30 15:15 – 16:15 16:15 – 17:15 15:15 – 16:15 16:15 – 17:15 14:30 – 15:30 15:30 – 16:30 17:30 - 18:00 13:00 – 18:00	R de Witt L Carbutt M Segatjies / D Botha / N Faber M Segatjies / C Cawood T Roelofse M Fourie / R Steenkamp L Steenkamp / K Klindt L Steenkamp / S Venter N van Eck / J Strydom / R de Witt Stingrays - E le Roux
Do	ATLETIEK: Veld items Baan items TWEEKAMP: Gr 1 - 7 KRIEKET: Mini-krieket (0/6) Mini-krieket (0/7) Mini-Krieket (0/8) 0/9 Gemeng 0/11 Seuns 0/13 Dogters Krieket 0/13 Seuns Klubswem: Klubswem	15:00 – 15:45 15:45 – 16:30 15:00 – 15:45 12:30 – 13:00 14:15 – 14:45 14:15 – 14:45 14:15 – 15:00 16:15 – 17:15 15:15 – 16:15 16:15 – 17:15 13:00 – 18:00	Afrigters Afrigters Afrigters N Jacobs / M Segatjies M Wilke / J Strydom R de Witt / A van der Walt L Carbutt / D Botha M Segatjies / C Cawood T Roelofse M Fourie / R Steenkamp Stingrays – E le Roux

- **PRESENSIE** word by alle oefeninge gehou en leerders moet **vóóraf self** by die afrigter/onderwyser verskoning maak as jou aktiwiteite bots, of as hy/sy nie die oefening kan bywoon nie. Afrigters het die reg om 'n kind uit 'n span te laat na **drie afwesighede na mekaar, sonder verskoning.**

AFRIGTERS

KRIEKETAFRIGTERS:	NAAM:	KONTAKNOMMER/S:
Mini-krieket 0/6	N Jacobs / M Segatjies	060 985 5825 / 073 780 6684
0/7	M Wilke / J Strydom	072 711 1712 / 072 419 1750
0/8	R de Witt / A van der Walt	078 336 5263 / 082 410 0389
O/9 Gemeng	L Carbutt / K Page	084 550 0606 / 082 374 7984
0/11 Dogters	P Tait / L Tait	084 996 4366 / 073 638 3585
0/11 Seuns	M Segatjies / C Cawood	073 780 6684 / 066 060 8351
0/13 Dogters	T Roelofse / D Moolman	081 016 5164 / 082 902 2245
0/13 Seuns	M Fourie / R Steenkamp	061 266 7722 / 079 650 0327
MINI - KRIEKETHOOF	M Wilke	072 711 1712
KRIEKETHOOF	M Fourie	061 266 7722

TENNISAFRIGTERS:	NAAM:	KONTAKNOMMER/S:
Spanne	L Steenkamp / M Segatjies / M Schoonbee	083 633 3316 / 073 780 6684 083 610 1462
TENNISHOOF:	J van Jaarsveld	072 123 7485

ATLETIEKAFRIGTERS:	NAAM:	KONTAKNOMMER/S:
Hekkies	K Klindt/ J van Jaarsveld / M Segatjies	082 990 761 / 072 123 7485 073 780 6684
Naellope	M Jacobs/ M Koorzen/ J Strydom	082 555 4760 / 082 301 2071/ 072 419 1750
Middelafstande + Tweekamp	T Roelofse/A vd Walt	081 016 5164 / 060 735 8689
Gewigstoot	M Wilke / N van Eck	072 711 1712 / 073 336 2666
Verspring	R de Witt/ K Page/ S Tisiko	078 336 5263 / 082 374 7984
Hoogspring	L Carbutt / M Fourie	084 550 0606 / 061 266 7722
Diskus	S Venter / D Brand	073 878 9655 / 060 7358 689
Spiesgooi	P Tait/ L Tait	082 774 8599 / 079 524 0263
ATLETIEKHOOF:	L Carbutt	084 550 0606

TWEEKAMP	T Roelofse	081 016 5164
-----------------	------------	---------------------

Sportorganiseerder: (Alle reëlings)	Lanie Steenkamp	083 633 3316
Alle klagtes/probleme rakende sport:	Danie Botha (Beheerliggaam)	071 144 9526

Tel: 053 0505 986
Sel: 072 140 8634
E-pos: admin@jakkies.com
sport@jakkies.com
skoolhoof@jakkies.com



JACOBSDAL PRIMÊRE SKOOL

Piet Retiefstraat
Posbus 107
Jacobsdal
8710

KENNISGEWING AAN OUERS: JAARLIKSE BEGROTINGSVERGADERING

Geagte ouer/voog

Ingevolge artikel 38 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996, gee die beheerliggaam van **JACOBSDAL PRIMÊRE SKOOL** hiermee kennis van die **jaarlikse begrotingsvergadering** van ouers.

Datum: 13 NOVEMBER 2026

Tyd: 09:00

Plek: SPORTKAMER

By hierdie vergadering sal die voorgestelde begroting vir die finansiële jaar **2027** aan alle ouers voorgelê word vir oorweging en goedkeuring. Die begroting weerspieël die beraamde inkomste en uitgawes van die skool vir die komende jaar en is van deurslaggewende belang vir die doeltreffende funksionering van die skool. Daarbenewens sal die **geouditeerde finansiële state van die vorige jaar, ingevolge artikels 42 en 43 van die Skolewet, aan die vergadering voorgelê word.**

Die volgende reëlins geld:

- 'n Afskrif van die voorgestelde begroting, tesame met 'n verklarende dokument, sal aan alle ouers beskikbaar gestel word via die skool se bestaande kommunikasiekanale (Jakkienuus).





Tel: 053 0505 986
Sel: 072 140 8634
E-pos: admin@jakkies.com
sport@jakkies.com
skoolhoof@jakkies.com

Piet Retiefstraat
Posbus 107
Jacobsdal
8710

JACOBSDAL PRIMÊRE SKOOL

- Die voorgestelde begroting en die verklarende dokument sal vanaf **30 OKTOBER 2026** by die skoolkantoor vir insae beskikbaar wees.
- 'n Kworum van minstens **10% van die ouers** is vir die eerste vergadering nodig. Indien hierdie kworum nie behaal word nie, sal 'n tweede vergadering belê word waar geen kworum vereis word nie.

Ons doen 'n ernstige beroep op alle ouers om hierdie belangrike vergadering by te woon en aktief deel te neem, aangesien die besluite wat geneem word 'n direkte invloed het op die gehalte van die onderrig en die beskikbaarheid van hulpbronne aan ons leerders.

Ons sien daarna uit om u by die vergadering te verwelkom en waardeur u betrokkenheid by die skool se sake.

Vriendelike groete

N.J. FABER

**Voorsitter: Beheerliggaam
Jacobsdal Primêre Skool**



JACOBSDAL PRIMARY SCHOOL
PROGRAMME OF ASSESSMENT: TERM 4 2026



OKTOBER 2026

Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag
			1	2
5	6	7 Gr. 3: Afr Klanke – Kappie Gr. 3: Eng Phonics Plural Gr. 5: Eng Comprehension Gr. 5: NWT Planeet Aarde	8 Gr. 3: Afr Klanke – Kappie Gr. 3: Eng Phonics Plural Gr. 5: NWT Planeet Aarde Gr. 6: NWT Werksvel (B) Gr. 7: Eng Comprehension	9 Gr. 3: Afr Klanke – Kappie Gr. 3: Eng Phonics Plural Gr. 3: Wisk Tafels x 7 Gr. 4: NWT Vastelande Gr. 5: Wisk Klastoets Tyd
12 Gr. 3: Afr Klanke Afkortings Gr. 3: Eng Phonics -ss Gr. 4: Eng Comprehension Gr. 5: Afr Begripstoets Gr. 6: NWT Werksvel (A) Gr. 6: NWT Werksvel (B)	13 Gr. 3: Afr Klanke Afkortings Gr. 3: Eng Phonics -ss Gr. 4: Afr Begripstoets Gr. 4: Eng Writing / Poster Gr. 4: NWT Eilande Gr. 5: Eng Poster Gr. 5: NWT Wentelbaan Gr. 6: Eng Writing Gr. 6: NWT Werksvel (A) Gr. 7: Teg Gevallestudie (A)	14 Gr. 3: Afr Klanke Afkortings Gr. 3: Eng Phonics -ss Gr. 4: NWT Eilande	15 Gr. 3: Afr Klanke Afkortings Gr. 3: Eng Phonics -ss Gr. 5: Afr Skryf Plakaat Gr. 5: Eng Writing Gr. 5: NWT Wentelbaan Gr. 6: Afr Skryfwerk Gedig Gr. 7: Eng Language Gr. 7: Teg Gevallestudie (B)	16 Gr. 3: Afr Klanke Afkortings Gr. 3: Eng Phonics -ss Gr. 3: Wisk Tafels ÷ 7 Gr. 6: NWT Gevallestudie

JACOBSDAL PRIMARY SCHOOL
PROGRAMME OF ASSESSMENT: TERM 4 2026



NOVEMBER 2026

Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag
2 Gr. 3: Afr Begripstoets Gr. 3: Eng Oral Gr. 5: NWT Toets Gr. 6: NWT Bou model	3 Gr. 4: NWT Klastoets Gr. 5: NWT Klastoets Gr. 6: NWT Bou model	4 VERKIESING	5 Gr. 3: Wisk x 6 & ÷ 6 Gr. 5: Wisk Klastoets Gr. 5: NWT Gevallestudie Gr. 6: NWT Bou model Gr. 6: LV SK Opdrag Gr. 7: Teg Mini PAT	6 PRYSUITDELING
9 Gr. 1: Suid Sotho Gr. 3: Wisk 1 Afd A & B Gr. 7: SK	10 Gr. 2: Suid Sotho Gr. 3: Wisk 2 Afd C & D Gr. 7: EBW	11 Gr. 1: LV Gr. 2: LV Gr. 3: Afr 1 Handskrif Gr. 7: Wiskunde 1	12 Gr. 1: Wiskunde Gr. 2: Wiskunde Gr. 3: Wiskunde (Dept) Gr. 4: Suid Sotho Gr. 7: Afrikaans HT	13 BEGROTINGSVERGADERING Gr. 1: Wiskunde Gr. 2: Wiskunde Gr. 3: Suid Sotho Gr. 4: SW Gesk Gr. 5: SW Geo Gr. 6: SW - Gesk
16 Gr. 1: Afrikaans Gr. 2: Afrikaans Gr. 3: Afr 2Taal en Skryfwerk Gr. 4: Engels EAT Gr. 5: Afrikaans HT Gr. 6: Engels EAT Gr. 7: SW - Gesk	17 Gr. 1: Afrikaans Gr. 2: Afrikaans Gr. 3: Engels EAT (Dept) Gr. 4: Afrikaans HT Gr. 5: Engels EAT Gr. 6: NWT Gr. 7: NW	18 Gr. 1: Engels Gr. 2: Engels Gr. 3: LV PSW Teorie Gr. 3: LV LO Prakties Gr. 6: LV (PSW) Gr. 7: Engels EAT	19 Gr. 1: Engels Gr. 2: Engels Gr. 3: Afrikaans HT (Dept) Gr. 4: NWT (MtbBE) NWT Taak Maanfases Gr. 5: NWT (MtbBE) Gr. 6: Wiskunde Gr. 7: LO	20 Gr. 1: LV Gr. 2: LV Gr. 3: Eng Read, Comp, Phonics & Language Gr. 4: Wiskunde (MtbBE) Gr. 5: Wiskunde (MtbBE) Gr. 6: Afrikaans HT Gr. 7: SW - Geo
23 Gr. 4: LV Gr. 5: SW Gesk Gr. 6: SW - Geo Gr. 7: Wiskunde 2	24 Gr. 4: SW Geo Gr. 5: LV Gr. 6: Afr 2 Gr. 7: Tegnologie	25	26	27

EKSAMEN: 9 – 26 November

JACOBSDAL PRIMARY SCHOOL
PROGRAMME OF ASSESSMENT: TERM 4 2026



19	20	21	22	23
Gr. 2: Suid Sotho -Informeel Gr. 3: Afr Klanke Deelteken Gr. 4: Eng Reading Gr. 5: Afr Lees Gr. 6: NWT Bou model Gr. 7: Afr Taal	Gr. 3: Afr Klanke Deelteken Gr. 4: Wisk Klastoets (Tyd) Gr. 4: NWT Planeet Aarde Gr. 6: Eng Language & Comprehension Gr. 6: NWT Bou model	Gr. 3: Afr Klanke Deelteken Gr. 4: NWT Planeet Aarde Gr. 4: LV Visuele Kuns Gr. 5: NWT Grond en Water Gr. 5: LV Visuele Kuns Gr. 6: NWT Bou model Gr. 7: NW Opdrag	Gr. 3: Afr Klanke Deelteken Gr. 3: Suid Sotho - Informeel Gr. 4: Afr Skryfwerk Gr. 4: LV Visuele Kuns Gr. 5: Wisk Klastoets Meting Gr. 5: NWT Grond en Water Gr. 5: LV Visuele Kuns Gr. 6: Afr Taal & Begrip Gr. 6: NWT Bou model	Gr. 3: Afr Klanke Deelteken Gr. 3: Wisk x 8 Gr. 3: LV Visuele Kunste Gr. 4: NWT Planete Gr. 7: Afr Begripstoets Gr. 7: Eng Writing
26	27	28	29	30
Gr. 3: Afr Mondeling Gr. 4: Afr Hardoplees Voorbereid Gr. 6: NWT Werksvel (A) Gr. 7: SK Visuele Kuns	Gr. 1: Suid Sotho- Informeel Gr. 4: Suid Sotho -Informeel Gr. 6: NWT Werksvel (B) Gr. 6: LV PSW Toets Gr. 7: Afr Skryfwerk Gr. 7: SW Geo Toets Gr. 7: SK Visuele Kuns	Gr. 4: NWT Beweging Aarde Gr. 5: NWT Gesteentes Gr. 6: Afr Mondelinge Projek Gr. 6: SW Gesk Toets Gr. 7: NW Opdrag Gr. 7: SW Gesk Toets Gr. 7: Teg Gevallestudie (B) Gr. 7: SK Visuele Kuns	Gr. 5: NWT Gesteentes Gr. 6: Afr Mondelinge Projek Gr. 6: SW Geo Toets Gr. 7: NW Oprag Gr. 7: EBW Toets Gr. 7: Teg Gevallestudie (A) Gr. 7: SK Drama Gr. 7: SK Visuele Kuns	Gr. 3: Wisk ÷ 8 Gr. 3: LV Uitvoerende Kuns Gr. 4: Wisk Klastoets (Lengte) Gr. 7: SK Drama Gr. 7: SK Visuele Kuns

FOTODAG 3: Datum: 21 Oktober 2026

Merk met X	OMSKRYWING:	PERSOON/E	KLEREDRAG
	Hoofleiers: Koshuis	Slegs leiers 	Korrekte Somerskooldrag met skoene en kouse

Merk met X	FOTO:	Verantwoordelike persoon:	Kleredrag:
	Algemene kennis	Karin	

SPORT			
	NETBAL:		
	Bokkieweek		Netbalklere
	KRIEKET:		
	Mini-krieket + 0/6	Nienke/McConnen /Marlise/Jolene/ Ronel/Annemarie	Sportdrag
	Krieket 0/9	Karin/Linette	
	Krieket 0/11 dogters	Pieter/Louise	
	Krieket 0/11 seuns	McConnen/Clint	
	Krieket 0/13 dogters	Tharina	
	Krieket 0/13 seuns	Martin/Rian	
	TENNIS:		
	Junior Tennisgroep (gr R-3)		Tennisklere & Jakkiesokkies en tekkies
	Senior Tennisgroep (gr 4-7)		
	0/7 Seuns & dogters		
	0/8 Seuns & dogters		
	0/9 Seuns & dogters		
	0/10 Seuns & dogters		
	0/11 Seuns & dogters		
	0/12 Seuns & dogters		
	0/13 Seuns		

Provinsiale en Nasionale deelname:

Merk met X	Omskrywing op foto:	Kleredrag:
	MMC Krieket	Leerders moet hulle Provinsiale klere saambring en aanhê vir hierdie foto's of Skooldrag
	Xhariep Tennis	
	Toutrek - toutrekkere	
	Gimnastiek	



Breek n reël DAG!



13 Okt

R2 per reël
om te breek



Koop jou reël
by Juf Linette.



Muet steeds skoolklere dra!



Ons samel geld in vir Enviro Quiz.

Ons is deur na die finale!



1

Kan heeldag
kougom kou



2

Kan funky
kouse dra



3

Kan hare
funky dra



4

Kan grimmering/
snor dra



5

Kan n hoed/
pruik dra



6

Kan sonbril dra



7

Kan enige ander
skoene dra



8

Kan enige ander
iets as n tas
gebruik



9

Kan juwele dra



10

Kan n speelding
saambring
skool toe



Kom wees kreatief, dis pret!



ENGRAVE

What Matters.

CUSTOM ENGRAVING • PERSONAL • PROFESSIONAL • TIMELESS

WE ENGRAVE:

-  PERSONAL GIFTS
-  CAR ACCESSORIES
-  CORPORATE GIFTS
-  KNIVES & MULTI-TOOLS
-  HOME & FARM SIGNS
-  TROPHIES & AWARDS
-  DRINKWARE & MORE



CUSTOM
KNIFE
ENGRAVING



WolfEdge
— ENGRAVING —

QUALITY ENGRAVING.
MADE TO LAST.

WOOD • METAL • LEATHER • PLASTIC • MORE
NO FADE. NO PEEL. JUST QUALITY CRAFTSMANSHIP.

LET'S CREATE
SOMETHING SPECIAL

 **HANDRÉ JACOBS**
 **066 251 2558**

LOCAL SERVICE, PERSONAL TOUCH. EXCEPTIONAL RESULTS.